

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 8 No 5 Augustus 2014
Personeelblad van die NWU



**Kook
kos met
sonkrag**

**Voorkoms
van finansies
verander**

Quali

**NWU reageer op
bewerings van
ontgroening**



INHOUDSOPGAWE

- 2 Ontmoet jou kampus se webkoördineerders
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish!, deursettingsvermoë dra vrug!
- 4 Beweerde ontgroeningspraktyke ontlok wye reaksie
- 6 Koskook het 'n plek in die son
- 7 50 goue jare vir PBS
- 8 Vaal bemagtig studente met gestremdhede
- 9 Fokus op: Verandering is in die lug op finansies-front
- 10 Hy wil prakties 'n verskil maak
- 12 Kampusnuus: Mafikeng
- 13 Kampusnuus: Potchefstroom
- 14 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 15 NWU-kundiges ken hul storie
- 16 Ons mense – As die vere eers in jou bloed is...
- 17 As ek enige ander plek kon bly, sou dit wees...
- 18 En die wenner is...
Wen! Wen! Wen!
- 19 Boek fokus op die Fakulteit Natuurwetenskappe



Voorblad: Hierdie NWU-kollegas sorg dat die oorgang van die finansiële stelsel Oracle na die Quali Financial System glad verloop. Lees meer hieroor op p 9.

NEEM KENNIS:

Om ons koolstofvoetspoor te verklein, word die Eish! nou elektronies na alle personeel versprei – net diegene wat nie toegang tot rekenaars het nie, sal gedrukte kopieë ontvang. Kontak gerus ons Eish!-joernalis, Willie du Plessis, met enige nuuswenke of -navrae. Jy kan hom skakel by x99 4915 of willie.duplessis@nwu.ac.za.



Ontmoet jou kampus se webkoördineerders

In die vorige uitgawe van Eish! het ons die Institusionele Webkantoor aan julle bekendgestel. In hierdie uitgawe stel ons julle voor aan 'n span wat reeds goed bekend is aan eienaars en publisierders van aanlyn inhoud op die kampusse; hulle is die kampuswebkoördineerders.

Hulle is nie net verantwoordelik vir webontwikkelingsaangeleenthede (soos bemerkings- en kommunikasieblaaie) op hul onderskeie kampusse nie, maar mnr Koos Degenaar (Mafikeng-kampus), me Pertunia Thulo en me Ilse Beyers (albei van die Potchefstroomkampus) en mnr Jeremy Mooi (Vaaldriehoekkampus) bied ook belangrike ondersteuning aan hul kampuskollegas. Hulle dien ook as kontakpunt tussen aanlyn rolspelers en die Institusionele Webkantoor.

Die Institusionele Webkantoor wil graag publisierders en eienaars van aanlyn inhoud op die kampusse aanmoedig om met hul kampuswebkoördineerders te skakel indien hulle enige idees of navrae het, of oor enige webverwante uitdagings waarteen hulle te staan kom.

Kontak gerus jou kampuswebkoördineerder:

Koos Degenaar

Mafikengkampus
koos.degenaar@nwu.ac.za
018 389 2144

Ilse Beyers

Potchefstroomkampus
ilse.beyers@nwu.ac.za
018 299 1466

Pertunia Thulo

Potchefstroomkampus
pertunia.thulo@nwu.ac.za
018 299 2168

Jeremy Mooi

Vaaldriehoekkampus
jeremy.mooi@nwu.ac.za
016 910 3182

Redaksionele span: Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Institusionele Bevordering-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee.



REDAKSIONEEL

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

ons al as vanselfsprekend aanvaar. Ek vertrou dat elkeen 'n welverdiende blaaskans geniet het, en gereed is om die uitdagings wat voorlê met nuwe ywer aan te pak.

'n Belangrike saak wat ek onder julle aandag wil bring is dat die Raad van die universiteit die onafhanklike ondersoektaakspan se verslag ontvang het en daarvoor beraadslaag het. Die taakspan se mandaat was, onder andere, om aangeleenthede rondom beweerde ontgroeningspraktyke en die gebruik van salute tydens die ontvangs- en bekendstellingsprogram (O&B) te ondersoek.

Ten spyte van die verslag se tekortkominge rakende die *audi alteram partem*-reël (om aan alle partye die geleentheid te gee om hul saak te stel) en die feit dat sekere aspekte van die mandaat agterweë gebly het, het die Raad besluit om die verslag as hulpbron-dokument te gebruik om te verseker dat die universiteit se O&B-program verbeter word.

Die leierskorps van die universiteit moet seker maak dat die program in alle opsigte respek vir

menseregte toon. Ons sal beste praktyk deur middel van normering moet bepaal, multikulturele diversiteit op 'n integrerende wyse moet aanvaar, en opvoeding rondom menseregte moet verskerp.

Daar lê baie werk voor as ons die voorskrifte van die Raad wil nakom voor ons die volgende groep eerstejaars in 2015 ontvang.

Elkeen van ons moet ondersoek instel en duidelikheid kry oor die waardes wat personeel en studente se gedrag tydens O&B rig, en seker maak dat ons optrede spruit uit die waardes wat ons as universiteit ons eie gemaak het.

Ek wens u alles van die beste toe met die tweede semester van 2014.

Beste kollegas,

Ek wil elke personeelid bedank vir hul volgehoue toegewyde diens aan die universiteit gedurende die eerste semester.

Ek is seker dat almal die vrugte van hul harde werk kon sien in die uitstekende uitslae wat

Vriendelike groete

Prof Dan Kgawadi
Visekanselier

Eish!, deursettingsvermoë dra vrug!

Die spreekwoord lui dat Rome nie in een dag gebou is nie.

Hoe waar is dit nie: om iets waardevol tot stand te bring en tot uitnemendheid te laat ontwikkel, verg dikwels tyd – soms 50 jaar, soos in die geval van die Potchefstroom Besigheidskool (artikel op p 7).

Dié besigheidskool het sy eerste studente in 1964 ingeneem en vier vanjaar nie net hul vyftigste bestaansjaar nie, maar ook die verkryging van internasionale akkreditasie.

Saam met tyd, speel deursettingsvermoë ook 'n groot rol om sukses te behaal. Mense wat nie sommer tou opgooi nie, maar skouer aan die wiel sit om die wa deur die drif te kry, is waardevol vir enige instansie.

Lees gerus op p 9 hoe die kernspan wat op die voorpunt staan van die oorgang van die Oracle-finansiële stelsel na die Quali-finansiële stelsel alles in die stryd werp om dié oorgang so glad en pynloos as moontlik vir almal te maak.

Met die deursettingsvermoë van die span en die samewerking van die NWU-gemeenskap, sal die nuwe stelsel in werking wees wanneer die NWU sy deure in 2015 oopmaak.

Deursettingsvermoë is veral onontbeerlik om uitdagings op jou pad te oorkom. Die NWU was die afgelope maande dikwels in die nuus oor beweerde ontgroeningspraktyke op die Potchefstroomkampus.

Lees gerus op p 4 en 5 hoe 'n onafhanklike taakspan die bewerings ondersoek het en verslag daarvoor aan die NWU-raad gelewer het, waarna die raad 'n verslag aan dr Blade Nzimande, minister van Hoër Onderwys en Opleiding oorhandig het.

In dié artikel word ook 'n paar van die maatreëls genoem wat ingestel gaan word om te verhoed dat menseregte in die toekoms op enige kampus geskend sal word. Ook hier sal deursettingsvermoë en die wil om ten goede te verander waar nodig, handig te pas kom. Deursettingsvermoë, saam met die wete dat jy

op die regte pad is, is 'n wenresep om vir enige uitdaging 'n oplossing te vind.

Lekker lees,

Nelia en die Eish!-span



Beweerde ontgroeningspraktyke ontlok wye reaksie

Die NWU was die afgelope paar maande dikwels in die nuus oor beweerde ontgroeningspraktyke op die Potchefstroomkampus.

Eish! neem die gebeure in oënskou en gee hiermee 'n eenvoudige skematiese oorsig van hoe en wanneer dit begin het, hoe die NWU-raad dit hanteer het, en waar ons ons nou bevind. Ten slotte deel ons ook graag van die opmerkings wat prof Dan Kgwadi, visekanselier, tydens die perskonferensie op 26 Junie 2014 gemaak het, asook die mening van me Itumeleng Poole, die ondervoorsitter van die Raad, oor die aangeleentheid.

FEBRUARIE 2014

Berigte en foto's van beweerde "Nazi-aktiwiteite" en ontgroeningspraktyke op die Potchefstroomkampus verskyn in die media. Voor dit is strategieë reeds op die Potchefstroomkampus in plek gestel om die saak aan te spreek.

25 FEBRUARIE 2014

Mnr Gwebs Qonde, direkteur-generaal van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, stel 'n persverklaring vry oor die beweerde voorvalle op die Potchefstroomkampus.

4 MAART 2014

Dr Blade Nzimande, minister van Hoër Onderwys en Opleiding, versoek die Raad om ondersoek in te stel na die bewerings wat in die media gemaak is en aan hom terug te rapporteer.

5 MAART 2014

Die Raad stel 'n onafhanklike ondersoektaakspan aan, bestaande uit dr Leon Wessels, dr Somadoda Fikeni, adv Rehana Rawat, en dr Bismark Tyobeka.

22 APRIL TOT 6 MEI 2014

NWU-belanghebbers kan voorleggings aan die taakspan maak.

27 MEI 2014

Die taakspan oorhandig hul verslag aan mnr Peet van der Walt, die voorsitter van die Raad.

29 MEI 2014

Die uitvoerende komitee van die Raad oorweeg die verslag en kommunikeer hul aanbevelings aan die volle NWU-raad.

4 JUNIE 2014

Die Raad besluit dat hulle meer tyd nodig het om die taakspan se verslag te bestudeer en vra uitstel by die minister vir die indiening van hul verslag aan hom.

19 EN 20 JUNIE 2014

Die Raad bespreek die taakspan se verslag breedvoerig. 'n Kernspan van Raad onderneem om die inhoud en aanbevelings van die onafhanklike ondersoektaakspan as inset te gebruik vir die verslag aan die minister.

26 JUNIE 2014

Die kernspan van die Raad oorhandig die Raad se verslag aan die minister, met die taakspan se verslag hierby aangeheg.

Visekanselier neem sterk stelling in

Prof Dan Kgwadi, visekanselier, het tydens 'n perskonferensie op 26 Junie (onder andere) die volgende gesê:

"Ons gaan baie sterk optree teen alle vernederende praktyke waartydens mense se regte aangetas word.

"Kom ons kweek 'n kultuur van wedersydse respek... Kom ons wees sensitief wat menseregte betref en versigtig vir enige vernederende praktyke... Ons gaan 'n bewusmakingsveldtog oor menseregte hou sodat daar in die toekoms geen onkundigheid oor ontgroeningspraktyke kan wees nie."



Waarom is die taakspan se verslag nie openbaar gemaak nie?

Die taakspan se verslag is op regsadvies nie algemeen openbaar gemaak nie. Die rede hiervoor is die moontlikheid van 'n regsgeding teen die universiteit op

grond van die inhoud daarvan. Sommige van die aanbevelings en gevolgtrekkings in die verslag mag ook gebaseer wees op ongetoetste getuienis en anonieme getuienis.



Me Itumeleng Pooe, ondervoorsitter van die NWU-raad (middel) en prof Dan Kgadi, visekanselier, het die universiteit op 26 Junie 2014 by 'n mediakonferensie in Johannesburg verteenwoordig. Saam met hulle is me Doreen Gough van die Nasionale Persklub, wat tydens die konferensie as voorsitter opgetree het.

Ondervoorsitter gee haar mening

Me Itumeleng Pooe, ondervoorsitter van die Raad, het as voorsitter opgetree tydens die raadsvergadering waar die taakspan se verslag breedvoerig bespreek is en was deel van die afvaardiging wat die Raad se verslag aan die minister oorhandig het. Eish! het vir haar 'n paar vrae gevra:

Hoe sien jy, as ondervoorsitter van die Raad, die NWU van hierdie punt af vorentoe beweeg?

Dit is 'n opwindende tydperk, aangesien dit ons die geleentheid bied om een van die voorste instansies in die land, op die vasteland, en selfs in die wêreld, te word.

Ons erken dat ons dringend introspeksie moet doen oor sake wat moontlik vantevore agterweë gelaat is of minder belangrik geag is.

Die taakspan het aanbevelings gemaak en die implementering hiervan sal ons toelaat om, waar nodig, dit wat verkeerd is reg te stel deur middel van betekenisvolle gespreksvoering en optrede.

Wat was jou indruk van die minister se reaksie tydens julle ontmoeting?

Ons vergadering met die minister van Hoër Onderwys en Opleiding het positief verloop. Albei partye is gefokus op die NWU se groei. Die verslag is goed ontvang, en die minister het onderneem om dit te bestudeer en vir ons terugvoer te gee indien hy dit nodig ag.

Hy het ons ook uitgenooi om gereeld met hom as belanghebbende te kommunikeer, en nie slegs wanneer daar probleme is nie. Ons is baie ontvanklik vir die uitnodiging, want dit kan 'n gunstige verhouding tussen die NWU en die minister se kantoor verseker. Opbouende verhoudings tussen belangrike rolspelers is noodsaaklik vir optimale groei.

Die media en sekere belanghebbende het hiervan 'n taalsak gemaak (Afrikaans). Jou kommentaar hierop?

Daar is 'n persepsie dat sprake van transformasie by die NWU 'n aanval op Afrikaans as taal impliseer. Dit is absoluut onwaar. Ons wil Afrikaans by die NWU hê, en ons wil dit ten alle koste beskerm.

Ons mag net nie toelaat dat Afrikaans – of enige ander taal – as middel aangewend word om nie-sprekers uit te sluit nie.

Ons moet versigtig wees om nie die dinge wat ons spesiaal maak, soos ons taal, te laat erodeer in ons strewe na prestasie en multikulturalisme nie. Ons moet liever bou op ons multikulturaliteit om te verseker dat ons 'n inklusiewe, verwelkomende universiteit is.

Wat gaan gedoen word?

In die verslag aan die minister onderneem die NWU om verskeie maatreëls in te stel. Dit sluit onder meer die volgende in:

- ▣ Die visekanselier en bestuur sal maatreëls implementeer om 'n herhaling van praktyke waardeur mense se regte geskend word (wat klaarblyklik wel voorgekom het) te voorkom.
- ▣ 'n Vaste raadskomitee, die Studente-oorsigkomitee, sal toesig hou oor onder meer die volgende:
 - Die verbod op alle ontgroeningsrituele en afbrekende praktyke.
 - Die ontwikkeling van 'n gepaste ontvangs- en bekendstellingsprogram vir al drie kampusse. (Slegs dié program sal toegelaat word.)
 - Doeltreffende en belynde bemerking en kommunikasie om enige vermeende eksklusiwiteit uit te skakel, sonder om bestaande nismarkte te verloor.
 - Die verbetering van die funksionering van die huidige Menseregtekomitee vir meer doeltreffende beskerming van menseregte.
 - Die ondersoek na die beskuldiging van stilswyende goedkeuring van afbrekende praktyke, en regstellende stappe indien nodig.
 - Die ondersoek om te bepaal of daar 'n "kultuur van intimidasie, teistering, vrees en suiwering" bestaan teen personeel en studente wat standpunt inneem teen praktyke wat menseregte skend, en die beëindiging daarvan indien nodig.

Bogenoemde prosesse sal bestuur word deur die visekanselier en die bestuur van die NWU. Meer inligting oor die verslag wat die NWU-raad aan dr. Blade Nzimande, minister van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê het, is hier beskikbaar: ▼



Koskook het 'n plek in die son

Bykans driemiljard mense op aarde, ook in Suid-Afrika, gebruik steeds hout, dieremis of mielie-stronke om te kook en hul huise te verhit. Dit het 'n vernietigende effek op die omgewing en op mense se gesondheid.


Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) sterf daar elke jaar omtrent vier miljoen mense voortydig as gevolg van siektes verwant aan lugbesoedeling omdat mense met soliede brandstof kosmaak.

Die WGO het ook bevind dat die helfte van alle sterfgevälle onder kinders jonger as vyf toegeskryf kan word aan longontsteking wat veroorsaak word deur die inaseming van partikelstof afkomstig van huishoudelike besoedeling.

Dink net watter positiewe impak dit sal hê as 'n skoon, gratis en hernubare energiebron soos die son vir huishoudelike kosmaak gebruik kan word. Dit is die visie van die Son-termiese Energie-navorsingsgroep in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikeng-kampus.

Sonkooktoestelle is reeds beskikbaar, maar is te duur vir die mense wat dit die nodigste het, naamlik arm mense in die landelike gebiede. Die bestaande toestelle is ook geneig om ondoeltreffend en ingewikkeld te wees, en om te vinnig hitte te verloor.

"Ons wil die drie komponente van sonkook optimaliseer, met die uiteindelige doelwit om 'n kooktoestel vir plattelandse en lae-inkomste-groepe te ontwikkel," sê dr Ashmore Mawire, navorsingsleier. Die drie sleutelemente van 'n sonkooktoestel is 'n komponent wat die son-energie opvang, 'n komponent wat die energie opberg en 'n komponent wat dit aanwend.



Om 'n skoon, gratis en hernubare energiebron soos die son vir huishoudelike kosmaak te gebruik, is die doelwit van die Son-termiese Energie-navorsingsgroep op die Mafikeng-kampus. Dié groep, onder leiding van dr Ashmore Mawire, is deel van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie.

Ashmore en sy vierpersoonspan van fisikanavorsers en nagraadse studente gebruik 'n kombinasie van simulasiestudies en kleinskaalse eksperimentering om hul navorsing te doen. "Simulasie is gebaseer op wiskundige modellering en is van groot waarde aangesien dit koste en eksperimenteringstyd verminder," sê hy. "Ons doen die modellering en probeer dan om dit met fisiese resultate in klein eksperimente te valideer."

Hul grootste sukses tot dusver was waarskynlik met die energie-opbergingskomponent van son-termiese koskook. "Tans gebruik ons 'n olie- of 'n olie-korrelbed-termiese-energie-

opbergingsstelsel om die werkverrigting van 'n sonkooktoestel te verbeter."

In die toekoms sal hulle die werkverrigting van die termiese-energie-opbergingskomponent (TEO) probeer verbeter deur die insluiting van 'n geskikte faseveranderingsmateriaal wat groot hoeveelhede energie kan opberg en vrystel.

"Ons sal ook ondersoek instel na die optimalisering van sonkooktoestelle sonder TEO om hulle goedkoper, doeltreffender en meer gebruikersvriendelik te maak vir plattelandse gemeenskappe wat tans nog van nie-hernubare vorms van energie afhanklik is vir kosmaak."



GOUE JARE vir PBS

Die Potchefstroom Besigheidskool (PBS) vier vanjaar sy vyftigste bestaansjaar.

Die jaar 2014 is vir die personeel en studente van die Potchefstroom Besigheidskool baie spesiaal. Hulle vier nie net 50 jaar van groei nie, maar ook die internasionale akkreditasie wat hulle van die Association of MBAs (AMBA) ontvang het.

Deel van die feesvieringe is 'n reünie wat op 5 November plaasvind. Hiermee poog die PBS om almal wat 'n bydrae tot die sukses van dié skool gemaak het bymekaar te bring.

Die sukses van die PBS is indrukwekkend. Die skool word deur die toonaangewende finansiespublikasie, *Financial Mail*, as een van die topvyf besigheidskole in Suid-Afrika beskou.

KIES DIE ROOM VAN DIE OES

Die besigheidskool is baie gewild en daarom moet hulle die getal studente wat vir die MBA-kwalifikasie inskryf tot 200 beperk. Die implikasie hiervan is dat hulle die beste studente vir dié kursus kan keur.

Prof Tommy du Plessis, direkteur van die PBS, sê van al die besigheidskole in die land lewer hulle van die beste navorsingsuitsette, ten spyte van die PBS se klein personeelkorps. "Die

standaarde van die skripsies en ons personeel se navorsing is hoog. Ons is ook een van slegs twee besigheidskole in die land wat MBA-klasse in Afrikaans en Engels aanbied."

Hy sê personeel van die PBS het drie jaar lank intensief gewerk om die AMBA-akkreditasie te verwerf – iets wat die kersie op die koek is vir 'n wêreldklas-besigheidskool. "Ons kyk nou vorentoe na opwindende nuwe ontwikkelinge vir die PBS," vertel Tommy.

Hy sê een van die opwindendste verwikkelinge op die horison is splinternuwe fasiliteite wat spesiaal vir die PBS gebou word.

'N RYKE VERLEDE

Daar kan egter nie vorentoe gekyk word sonder om ook na die ryke geskiedenis van die besigheidskool te kyk nie.

Volgens Tommy het die eerste studente in 1964 by die besigheidskool ingeskryf. Daar is aanvanklik begin met die aanbied van 'n honneursgraad in besigheidsadministrasie (HBA) wat in 1966 opgevolg is met 'n MBA-graad. Die skool was tot in 1979 deel van die ekonomiese fakulteit voor dit 'n entiteit op sy eie geword het.



Die eerste direkteur en ook dekaan van die besigheidskool was prof Klaas Havenga.

Enkele van die hoogtepunte wat die besigheidskool beleef het sluit onder andere in die implementering van die nuwe MBA-kwalifikasie in 1986, die eerste bestuursontwikkelingsprogram in 1987, en die naamsverandering in 1992 toe die Nagraadse Bestuurskool (NSB) die Potchefstroom Besigheidskool (PBS) geword het.

Vir meer inligting oor die PBS se viering van hul vyftigste bestaansjaar, skakel Marilize Minne by x99 1412 of stuur 'n e-pos na marilize.minne@nwu.ac.za.



Die Association of MBA's (AMBA) se assesseringspaneel het die NWU in Oktober verlede jaar besoek, waarna volle akkreditering aan die PBS verleen is. Van links is prof Tommy du Plessis, direkteur van die Potchefstroom Besigheidskool, mnr Mark Stoddard van AMBA, prof Ronald Tuninga, direkteur van die Kopenhaagse Besigheidskool, dr Leila Triki, mededekaan van die Mediterreense Besigheidskool, prof Anet Smit van PBS Bestuursrekeningkunde en prof Ronnie Lotriet van PBS Strategiese Formulering en Implementering.



Vaal bemagtig studente met gestremdhede

Die Vaaldriehoekkampus se Direktoraat vir Studentevoorligting en -ontwikkeling gebruik tegnologie om 'n betekenisvolle verskil in die lewens van studente met gestremdhede te maak.

Mnr Hendrik Steyn van die Eenheid vir Gestremdheid is self gesiggestremd, maar laat nie toe dat dit hom verhoed om die lewe vir gestremde studente makliker te maak nie.

"Ek is verantwoordelik vir die IT-gedeelte van die Eenheid vir Gestremdheid. Dit is my werk om studente wat gesiggestremd is op te lei sodat hulle in staat is om rekenaars en die universiteit se sagteware te gebruik."

Dié studente kan nie gewone IT-opleiding bywoon nie omdat dit te visueel is. "Dit help byvoorbeeld nie om vir blinde persone te sê hulle moet op 'n blou of geel knoppie druk nie. Ons taak is om studente met gestremdhede te bemagtig om die tegnologie tot hul beskikking optimaal te gebruik."

ONDERSTEUNING IS SY PASSIE

Die Eenheid vir Gesiggestremdheid (wat deel is van die Eenheid vir Gestremdheid) is Hendrik se passie. "Ons bied aan studente die geleentheid om 'n soortgelyke ervaring as hul medestudente sonder gestremdhede te hê. Ons doen dit deur akademiese sowel as emosionele ondersteuning."

Deel van Hendrik se werk is die bewusmaking onder dosente en die Vaaldriehoekgemeenskap in die algemeen. "Deur ons bewusmakingsveldtogte verseker ons dat mense sonder gestremdhede weet hoe om mense met gestremdhede te benader en by te staan."

Hendrik sê in die 10 jaar sedert die ontstaan van die NWU was daar baie positiewe veranderinge op veral die Vaaldriehoekkampus. "Mense is nou meer verdraagsaam teenoor mense met gestremdhede. Daar is ook heelwat nuwe geboue wat so ingerig is dat die kampus

meer toeganklik vir mense met gestremdhede is. Hy sê as hy terugdink aan die dae toe hy 'n student was, was dit definitief baie moeiliker. "Ons het maar aangesukkel en ek moes baie klasse op band opneem. Dit was ongelooflik moeilik om elektroniese toegang tot boeke en ander tekste te kry. Dit het die NWU meer geld gekos as wat my studiekoste was om my hier te laat studeer, iets wat nie ekonomies haalbaar is nie."

KNIP ONKOSTES KORT

Hendrik sê die totstandkoming van die Eenheid vir Gestremdheid is dus juis 'n manier om vir die universiteit kostes te bespaar. "Ons fokus op die individuele behoeftes van 'n student, maar terselfdertyd ook op die belange van die studentegemeenskap met gestremdhede." Buiten om met die studente te werk, is Hendrik ook verantwoordelik vir die opgradering en instandhouding van die Eenheid vir Gestremdheid se webwerf en vir ander IT-verwante probleme in sy afdeling.

"Ek help ook met loopbaanraadgewing en die omskakeling van hardekopie-tekste na meer toeganklike formate." Hendrik sê die tegnologie wat hulle gebruik is nie net rekenaargedrewe nie maar sluit ook rolstoele, telefone en gehoorapparate in.

"Sonder tegnologie kan ek self nie werk nie. Ek het oral toegang tot die meeste van die stelsels wat ek deur my selfoon gebruik. Die stelsels wat ek gebruik is e-pos, internet en sosiale netwerke soos Twitter en Facebook. My rekenaar gebruik sag-

teware wat 'n skermleser genoem word. Dit 'praat' met my sodat ek webontwikkeling, e-pos en ander administratiewe werk kan doen. Dieselfde geld vir my selfoon. Ons het ook 'n Braille-drukker en 'n skandeerder wat help om die tekste meer toeganklik te maak."

Oor sy werk is Hendrik baie beskeie. "Ek is 'n gewone mens wat maar net 'n verskil probeer maak in die lewe van ander wat dit moeiliker het as ek."



Mnr Hendrik Steyn sê die Vaaldriehoekkampus se Eenheid vir Gestremdheid ondersteun studente op alle moontlike maniere sodat hulle 'n suksesvolle en gelukkige akademiese loopbaan kan hê.

Fokus op



Verandering is in die lug op finansies-front

Die oorskakeling van die finansiële stelsel Oracle na die Quali Financial System (KFS) het nou die implementeringsfase bereik. Dit beteken dat daar met alle erns met opleiding, integrasie, data-migrasie en verslae begin word voor die uiteindelijke oorskakeling in Januarie 2015.

V: *Wie moet verantwoordelikheid neem vir opleidingsgeleenthede?*

A: Me Elmarie de Beer, hoofdirekteur van finansies, sê die onus rus nou veral op die eindgebruikers van KFS om te verseker dat hulle die opleidingsgeleenthede optimaal benut. "Hulle moet slaggereed voel om teen die begin van 2015 eienaarskap oor te neem en hul rol te vervul om die oorskakeling 'n sukses te maak. Dit is nou die geleentheid om hulself vertrou te maak met die stelsel," sê sy.

V: *Wanneer begin die amptelike opleiding vir alle gebruikers?*

A: Mnr Johan Schoeman wat KFS-opleiding gee en ook nou betrokke is by die oorskakeling sê die amptelike opleiding vir alle gebruikers sal op 1 September begin. Die veranderingskampioene wat vroeër aangewys is om te verseker dat die NWU gereed sal wees vir 'n seepgladde oorskakeling, sal gebruikers kontak om spesifieke opleidingssessies te skeduleer. "Daar sal presies geïdentifiseer word watter opleiding vir mense nodig is," sê hy.

V: *Wie behartig die amptelike opleiding?*

A: Johan sê die veranderingskampioene, wat deur die finansiële direkteure van elke kampus aangewys is, word reeds sedert April vanjaar opgelei. Hulle sal die opleiding van die groter groep gebruikers behartig.

V: *Wanneer sal die proses afgehandel wees?*

A: Volgens Johan is daar reeds amptelike e-posse uitgestuur wat bevestig dat die NWU van 19 Desember 2014 tot 5 Januarie 2015 gesluit sal wees. Tydens dié tydperk sal die KFS-span Oracle vervang. Sodra die universiteit se deure in die nuwe jaar open sal die oorskakeling reeds klaar wees en sal gebruikers op die nuwe stelsel kan werk.



Dié kern-implementeringspan werk hard om te verseker dat die KFS-oorskakeling glad sal verloop. Agter is mnr Riaan Prinsloo, mnr Frikkie Venter en mnr Carl Minne. In die tweede ry (van agter af) is mnr Dylan Viljoen, mnr Armando Homann, mnr Johan Schoeman en mnr Bertie Vorster, terwyl mnr Francois Steyn in die derde ry is. In die vierde ry is me Helein Cato, mnr Erik Max en mnr Johan Olivier. In die vyfde ry is me Hanlie Venter en me Antonet Muller. In die voorste ry is me Anna-Marie Bell en me Elizna Jacobs.

V: *Watter hulpmiddels is daar vir gebruikers?*

A: Op 1 September sal die KFS-webtuiste aan alle gebruikers beskikbaar gestel word. Op hierdie webtuiste sal daar nuttige inligting, sowel as video's en handleidings vir gebruikers

beskikbaar wees. In die volgende uitgawe van Eish! sal daar 'n Quali-oorsiglys verskyn waarmee verbruikers kan seker maak dat hulle al die nodige voorbereiding vir die oorskakeling getref het.

Hy wil prakties 'n verskil maak

In hierdie uitgawe gesels Eish! met mnr Frans du Preez, nuwe registrateur van die Potchefstroomkampus. Frans vertel ons meer van sy uitkyk op die lewe, die uitdagings van sy nuwe pos en sy gesin.

Mnr Frans du Preez, registrateur op die Potchefstroomkampus se filosofie is dat niks sommer net gebeur nie. "Alles het 'n doel, selfs die klein goedjies. As mens in dié konteks met 'n geloofsoog na elke aspek van die lewe kyk, kan jy nie ander as om enige uitdaging die hoof te bied nie."

Eensame dromer, verrassende geleenthede en beduidende impak is ses woorde waarmee mnr Frans du Preez, nuut aangestelde registrateur van die Potchefstroomkampus, sy lewe beskryf.

Hy sê sy doelwit is om op 'n praktiese vlak 'n verskil in mense se lewens te maak – 'n verskil wat 'n positiewe impak sal hê.

Frans is sedert 1 Junie die Potchefstroomkampus se registrateur en hy glo dat sy vermoë om tot die essensie van 'n saak deur te dring, die problematiek te ontbondel en praktiese oplossings te gee hom in staat stel om dié belangrike werk tot die beste van sy vermoë te doen.

UITDAGINGS SAL OORKOM WORD

Hy sê die grootste uitdagings van sy nuwe pos is om vernuwend te kyk na bestaande stelsels en prosedures. "Dié stelsels en prosedures groei oor jare heen

by 'n instelling soos die NWU. Die resultaat is dat sekere konvensies en praktyke soms verhef word tot reëls en beleid.

"Dit is juis hier waar ek 'n verskil wil maak. Die uitdaging is om, gegewe die huidige konteks, vernuwend leiding te gee."

Hy beoog om dit te doen deur die regte vrae te vra en om in die onderskeie afdelings vernuwend na die prosesse te kyk sodat dit beter, makliker en vinniger kan wees. "Ek wil die sisteem uitdaag om nuut te dink vir beter effektiwiteit sodat ons die NWU se kliënte, die studente, en in ons geval, ook die akademiese personeel, optimaal kan bedien."

DIT WAT HIER IS, IS KOSBAAR

As daar een ding is wat Frans baie opgewonde maak oor sy nuwe pos is dit om betrokke te wees by die oorhoofse prosesbestuur. Hy sê hy sien baie uit daarna om hier ook 'n verskil in die breër posisionering van die kampus te maak.



"In hierdie pos moet daar 'n sterk klem wees op die nakoming van reëls, maar ons sal 'n fout maak indien ons nie die mensfaktor ver- reken nie... Ek dink dit is uiters belangrik om mense te bemagtig om 'n positiewe, opbouen- de kliëntediens-omgewing te vestig."

Hy sê as mens na uitsette kyk, het die NWU die afgelope ses jaar geweldig gegroei. "Veral die groei in studente, graduandi en personeelge- talle plaas druk op die stelsel. Dit is hoekom prosesse aangepas en vernuwe moet word sodat ons met ons beperkte hulpbronne meer effektief kan funksioneer."

Frans se groot droom vir die Potchefstroom- kampus is dat die buitewêreld met die bril waarna hulle na die Potchefstroomkampus kyk, ook dit wat kosbaar op dié kampus is, sal raaksien.

"Dit is belangrik dat die kampus 'n beduidende impak op die samelewing sal hê. Ek sal graag wil meewerk om die kampus verder te ontwik- kel en te posisioneer sodat die buitewêreld met respek na ons sal kyk."

GESINSLEWE IS KOSBAAR

Een van die dinge wat Frans die gelukkigste in die lewe maak is om by sy gesin te wees. Hy sê sy vrou, Sarita, is 'n ma duisend. "Sy is 'n IT-stelselontleder wat vir 'n maatskappy in Pretoria werk. Omdat sy halfdag van die huis af werk, is sy genadiglik 'n groot deel van die middag tuis om die kinders by te staan."

Die Du Preez-egpaar het drie kinders. Franco, 'n tweedejaarstudent, studeer BCom Onder- nemingsbestuur. Hy is 'n kranige rugby- en gholfspeler en het op skoolvlak die provinsie in atletiek en sewes-rugby verteenwoordig.

Elani is in graad 11 by Gimnasium Hoër en is passievol oor kuns en ritmiese gimnastiek en het al verskeie medaljes op nasionale vlak ver- werf. Marthinus is in graad sewe by Laerskool Mooirivier en blink uit in atletiek waar hy 'n rits rekords in veral hekkies agter sy naam het. Hy speel ook provinsiale hokkie en blink uit in krieket.

REGTE PROSES, REGTE UITKOMS

Frans sê die beste raad wat hy ooit ontvang het, is die volgende: "As die proses reg is, sal die uitkoms ook reg wees. Mens kan nie altyd vooraf weet wat die uiteindelijke of 'regte' besluit gaan wees nie, maar as die boustene

Interessante feite:

My gunstelingboek: Ek lees eerder tydskrifte en koerante. Gewoonlik begin ek koe- rante van agter af vorentoe lees, en ek hou veral van rubrieke deur Dana Snyman.

My gunstelingflics: Iets van alles, maar ek verkies spioenasiefilms; iets met baie in- triges.

My gunstelingmusiek: Daar is 'n wye verskeidenheid musiek wat tot my spreek. My gunsteling wissel van Vivaldi se 'Four Seasons' tot die musiek van Nana Mouskouri, Frank Duvall en die Walliese kore.

My gunstelingkos: Wat is dan nou lekkerder as braaivleis?

My gunstelingvakansiebestemming: Die Noord- of Suidkus. Ons is baie lief vir die see.

Die soort kind wat ek was: Ek was 'n plaaskind wat baie lief was vir die buitelug. Omdat ek 'n alleenkind was, moes ek my eie vermaak voorsien. Ek het daar geleer om 'n dromer te wees.

Iets wat niemand van my weet nie: Ek moes in my vorige werk 'n Imbizo reël tus- sen oudpresident Mandela en die Zoeloe Koning, King Goodwill Zwelithini... wat 'n ervaring.



Die Du Preez-gesin werk hard, maar speel ook met oorgawe. Dit is hoekom die kinders passievol is oor sport. Saam met Frans en sy vrou, Sarita, is Elani, Marthinus, en Franco.

van 'n proses reg is, sal 'n besluit altyd toe- paslik wees binne 'n bepaalde konteks."

Hy sê dit was vir hom 'n voorreg om so nou betrokke te kon wees by die totstandkoming van die NWU toe hy tydens die samesmeltings- fase as direkteur in die kantoor van die visekan- selier werksaam was. "Ek was van die begin af betrokke by die al die gesprekke en onderhan-

delinge. Dit was 'n voorreg om saam met dr Theuns Eloff te werk. Ek het ongelooflik baie respek vir sy integriteit en visionêre leierskap."

Dit is juis omdat Frans die groter prentjie beter ken, dat hy met toewyding 'n beduidende verskil op die Potchefstroomkampus kan maak sodat dié kampus die respek ontvang wat dit verdien.



Tydens die onlangse Techno Youth-program by die Wetenskapsentrum het leerders aan praktiese wetenskapvasvrakompetisies deelgeneem.

Wetenskapsentrum belê in landelike skole

Die Wetenskapsentrum, 'n baken van hoop vir baie landelike skole rondom Mafikeng, het 'n drie dag lange Techno Youth-program aangebied tydens die eerste week van die winterskoolvakansie. Vanjaar was Letlano Secondary School gelukkig genoeg om dit te kon bywoon.

Die doel van die program is om graadagt- en -nege-leerders se belangstelling in wiskunde en wetenskap aan te wakker.

Volgens me Lerato Molebatsi, die sentrumbestuurder, is hierdie jaarlikse projek daarop gemik

om die kurrikulum van landelike skole te verryk en vir leerders 'n waardevolle eerstehandse leerervaring te gee.

Tydens die program word wêreldklasuitstallings en -eksperimente gebruik om die leerders se vaardighede en begrip van wetenskap, tegnologie en wiskunde te bevorder. Die Wetenskapsentrum is 'n uitstekende platform om die toekomstige generasie se nuuskierigheid te prikkel en hulle bloot te stel aan positiewe nuwe ervarings en verskillende aanbiedings- en kommunikasievaardighede.

Regstudente debatteer oor transformasie in regsonderrig

Tientalle regstudente van nege universiteite in Suid-Afrika het die algemene nasionale vergadering van die Black Lawyers Association se studentefdeling (BLAsc) bygewoon.

Die voorsitter was die BLAsc se ondervoorsitter, mnr Ziyanda Sibeko, en die tema was "The transformation and dynamics of the legal education system and absorption of law graduates".

Die hoogwaardigheidsbekleërs het ingesluit prof Lumkile Lalendle, viserektor vir onderrig-leer en kwaliteitsversekering, mnr Busani Mabunda, BLA-voorsitter, mnr Tutu Kgobane, die pas verkose voorsitter van die verteenwoordigende studenteraad, me Charlene Labuschagne, die kampus se BLAsc-tak se uitvoerende komitee beskermvrou en me Modiehi Nchochoba, adjunksekretaris van die nasionale uitvoerende komitee, Mafikengtak.

Die Black Lawyers Association is 'n vrywillige vereniging van swart regsgeleerdes in Suid-Afrika wat bestaan naas statutêre liggame wat die regsberoep beheer. Die BLA is in die sewentigerjare tot stand gebring uit protes teen die vervolging van swart regsgeleerdes wat regspraktyke bedryf het in die sentrale sakedistrikte van sogenaamde "witdorpe".

Hoewel die organisasie fokus op die bemagtiging van swart regsgeleerdes, is dit nierassig en is lidmaatskap oop vir almal wat glo in dit waarvoor hulle staan.



IKS teken ooreenkoms oor etnomedisyn

Die Sentrum vir Inheemse Kennisstelsels (IKS) het 'n Memorandum van Verstandhouding (MvV) met verskeie eksterne vennote onderteken om samewerking op die gebied van etnomedisyn tot stand te bring en te ontwikkel.

Die MvV gee formele goedkeuring aan die NWU om met eksterne vennote saam te werk, projekte te ontwikkel en befondsing en ander ondersteuning te verkry.

Deur hierdie ooreenkoms en ingevolge die Wet op Tradisionele Gesondheid in Suid-Afrika sal alle betrokke partye probeer om samewerking te bewerkstellig en te ontwikkel op die gebied van etnomedisyn gebaseer op tradisionele kruieplante, openbare gesondheid en mediese wetenskappe gebaseer op gelykheid en gemeenskaplike belange.

Die MvV is onderteken deur prof Mashudu Davhana-Maselesele, kampusrektor, prof Eno

Ebenso, dekaan van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie, dr Issac Kekana van die Suid-Afrikaanse Nasionale Forum vir Tradisionele Genesers (SANTHF) en VOEM Publishing, mnr Keith Harvey van Harvey Cattle Ranches en dr Gerhardus Joubert van Cili Health SA.

Isaac is 'n gekwalifiseerde mediese dokter, naturopaat, iridioloog en 'n praktisyn en opvoedkundige in etnomedisyn. Hy is die medestigter van die Vereniging vir Etnomedisynepraktisyns van Suid-Afrika (EPASA) en voorsitter van SANTHF.

Keith is 'n kommersiële boer en HUB van Harvey Cattle Ranches. Hy het die Kalahari-Veldbeef-handelsmerk ontwikkel, sowel as die eerste en enigste volwaardige holistiese organiese abattoir in Suid-Afrika. Gerhardus beskik oor uitgebreide ervaring van navorsing, produkontwikkeling en bemaking. Hy was betrokke by die bekendstelling van die Cili Bao-produkreeks (essensiële natuurlike volvoedsel) aan meer as 10 lande.

NWU en Pfizer neem geneesmiddelenavorsing tot nuwe hoogtes

Die farmaseutiese maatskappy Pfizer en die NWU het 'n Memorandum van Verstandhouding (MvV) onderteken waarin die basis vir potensiele wetenskaplike en tegniese samewerking uiteengesit word en sodoende innoverende navorsing in Suid-Afrika en ander lande bevorder.

Die vennootskap kan die potensiele gebruik van Pfizer se geneties gemodifiseerde dieremodelle insluit. Dit word gebruik vir die evaluering van

die veiligheids- en doeltreffendheidsprofiel van terapeutiese molekules vir verstourings op die gebied van onkologie, inflammasie, immunologie, die sentrale senuweestelsel en die kardiovaskulêre stelsel.

“Ons hoop dat hierdie vennootskap met die NWU sal lei tot wetenskaplike en mediese vooruitgang vir pasiënte in Suid-Afrika en ook ander lande,” sê mnr Mikael Dolsten, president van wêreldwye navorsing en ontwikkeling by Pfizer.

Prof Anne Grobler van die Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform sê dat hulle dankbaar is vir Pfizer se belegging en bereidwilligheid om in vennootskap met die NWU te werk aan prekliniese navorsing.

“Ons is veral entoesiasies oor die mylpale wat ons moontlik sal kan bereik op die gebiede van aansteeklike en chroniese siektes, wat so relevant is vir ons Suid-Afrikaanse samelewing,” sê sy.

Ontwerp vir brandstofstasie wyd erken

Vyf studente van verskillende fakulteite het onlangs deelgeneem aan 'n internasionale waterstofwetenskapkompetisie en die wêreld gewys dat die NWU 'n universiteit is waarmee rekening gehou moet word.

Sedert 2004 daag die studente-ontwerpwedstryd van die Amerikaanse Hydrogen Education Foundation (HEF) multidissiplinêre universiteitstudentespanne van regoor die wêreld uit om hulle kreatiwiteit en akademiese vaardighede toe te pas op die waterstof- en brandstofselnywerhede.

Volgens dr Dmitri Bessarabov, die studente se adviseur van die Fakulteit Ingenieurswese, het die wedstryd studente uitgedaag om 'n waterstofbrandstofmodule te ontwerp wat 'n betroubare, gerieflike en redelik geprysde hervullingservaring vir alle kliënte van waterstofbrandstofselvoertuie teweeg sal bring.

Wat hierdie prestasie soveel meer besonders maak, is dat Suid-Afrika, volgens Dmitri, nie oor volledige opvoedkundige kurrikula oor die onderwerp beskik nie, en dat slegs 'n paar studente van die NWU in staat is om deel te neem teen goed gevestigde en ervare instellings.

NWU-navorsers wen “Grammy” vir geneesmiddelenavorsing

Uitstaande bydraes tot wetenskaplike navorsing, tegnologiese innovasie, bestuur, kapasiteitsbou en wetenskapkommunikasie is onlangs in Gauteng gevier tydens die 16e jaarlikse National Science and Technology Forum (NSTF)-BHP Billiton-toekenningsgala.

Hierdie gesogte toekennings, wat slegs beskore is vir die room van die oes, staan ook bekend as die “Grammy”-toekennings vir navorsers.

Prof Anne Grobler, direkteur van die Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform, het hierdie toekenning ontvang vir 'n uitstaande bydrae tot die wetenskap, ingenieurswese en tegnologie deur bestuur en verwante aktiwiteite die afgelope vyf tot 10 jaar.

Die navorsing waarvoor die toekenning gemaak is, behels die uitbou en optimalisering van Pheroid afleweringstegnologie vir die verbeterde aflewering en effektiwiteit van farmaseutiese middels.

Dr Xolani Mkhwanazi, voorsitter van BHP Billiton SA, sê navorsingstalent is noodsaaklik vir Suid-Afrika se langtermyn-ontwikkeling. “Dit is hierdie talent wat die wetenskaplike, tegnologiese en ingenieursontwikkeling van ons land sal aanmoedig en wat Suid-Afrika sal help om sy doel van langtermyn-ekonomiese en omgewingsvolhoubaarheid te bereik.”

Die toekennings is oorhandig deur die minister van Wetenskap en Tegnologie, me Naledi Pandor, wat ook die beskermvrou van die geleentheid is.

Prof Anne Grobler (middel) ontvang haar BHP Billiton-toekenning van me Naledi Pandor, die minister vir Wetenskap en Tegnologie. Saam met hulle is dr Philemon Mjwara, direkteur-generaal van die Departement Wetenskap en Tegnologie.



Mamma Maggie glo liefdadigheid begin tuis

Me Maggie Matsaneng – of ‘Mamma Maggie’ soos die studente na haar verwys, is ‘n vrou uit een stuk. As die eerste voltydse maatskaplike werker op die kampus en ‘n lid van die Direktooraat Studentevoorgligting en -ontwikkeling, speel sy ‘n belangrike rol in die welstand van studente.

Met meer as 30 jaar se ondervinding en ‘n meestersgraad in kliniese sielkunde, is Maggie deeglik bewus van die uitdagings wat jong volwassenes die hoof moet bied en juis om hierdie rede beskou sy haarself as ‘n draer van hoop en liefde.

“Armoede is ‘n realiteit vir baie Suid-Afrikaners en die stygende lewenskoste, die voorkoms van werkloosheid, siekte en gebroke familiestrukture het ‘n impak op almal van ons. Armoede is lank nie meer iets wat net met ander mense gebeur nie.”

In ‘n daadwerklike poging om hierdie probleme aan te spreek, het Maggie met die Liefdadigheid Begin Tuis-projek vorendag gekom. Die projek behels verskillende inisiatiewe wat ten doel het om die hele kampusgemeenskap te betrek om ‘n volhoubare kos- en klerebank op die kampus te vestig.

Me Maggie Matsaneng glo dat liefdadigheid tuis begin en omarm elke dag met die wete dat sy ‘n verskil in iemand se lewe sal maak.



Een van die afgevaardigdes by die colloquium, mnr Maurice Jackson (voorste ry, tweede van regs), is ‘n student by die Florida Agricultural and Mechanical University (FAMU) in Amerika. Hy doen navorsing oor mnr Julius Malema se Party vir Ekonomiese Vryheidsvegters. Saam met hom is sommige van die ander afgevaardigdes van FAMU en die NWU.

Colloquium vergelyk SA- en Amerikaanse verkiesings

Die Skool vir Basiese Wetenskappe het onlangs ‘n colloquium aangebied oor die impak van verkiesings op verskillende gemeenskappe.

‘n Afvaardiging van die Florida Agricultural and Mechanical University (FAMU) in Amerika het ‘n internasionale geur aan die geleentheid verleen.

Onderwerpe wat tydens die colloquium aangespreek is, het die belangrikheid van georganiseerde politieke strukture, die waarde van verkiesings en die Amerikaanse verkiesingsstelsel ingesluit.

Tydens die colloquium is ‘n vergelyking getref tussen die Suid-Afrikaanse verkiesingsstelsel en dié van Amerika. Die afvaardiging was dit eens dat die komende Amerikaanse verkiesing

baie raakvlakke het met Suid-Afrika se afgelope plaaslike verkiesing.

Volgens prof Christopher Rabali, direkteur van die skool, is sulke vergelykings van groot waarde omdat dit aan albei partye ‘n geleentheid bied om inligting in te win en beste praktyke te deel.

Die samewerkingsooreenkomst tussen die Skool vir Basiese Wetenskappe en FAMU sal in die toekoms verder uitgebrei word om dissiplines soos regte, politieke wetenskappe en openbare bestuur omsluit.

FAMU het op 3 Oktober 1887 tot stand gekom. Geleë op die hoogste heuwel in Tallahassee, die hoofstad van Florida, is FAMU die enigste historiese swart instelling in die elfledetal Staatsuniversiteitsstelsel van Amerika.

Leadercast 2014 – kampus sluit aan by internasionale besigheidsgemeenskap

Die kampus het onlangs gasheer gespeel vir die internasionale leierskapsinisiatief, Leadercast 2014.

Meer as 25 lande van regoor die wêreld neem jaarliks aan dié inisiatief deel en hierdie jaar was die kampus een van die 800 sentrums in die wêreld en een van vyf in Suid-Afrika waar die geleentheid gebeeldsend is.

Die geleentheid is deur die bhive Enterprise Development Centre (EDC) aangebied en het leiers en opkomende leiers vanuit verskillende beroepsrigtings die geleentheid gegee om nege top-internasionale sprekers in aksie te sien tydens ‘n

interaktiewe gesprek oor leierskap. Vanjaar se tema, “Beyond You”, het hoofsaaklik gefokus op die ingesteldheid en etos van ‘n waardige leier.

Volgens mnr Johann Landsberg, bestuurder van die bhive EDC, is effektiewe leierskap die grondslag vir sukses in enige organisasie of besigheid.

“Baie word gesê oor die kwaliteit van leierskap in Suid-Afrika, maar hoe gereeld kry ons leiers en toekomstige leiers die geleentheid om te leer by dié wat die weg tot sukses op globale vlak gebaan het?”



Die onvermoë van plaaslike organisasies om gebruik te maak van analise sal 'n negatiewe impak hê op produktiwiteit, mededingendheid en uiteindelik op ekonomiese ontwikkeling en werkskepping. Mense wat met analise werk, benodig meer as net kennis van wiskunde en statistiek; hulle moet ook in spanverband aan analiseprojekte kan saamwerk. //

Prof Machiel Kruger, Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika, Potchefstroom-kampus.

"Businesses 'can analyse data more productively'", BDLive, 11 Junie 2014.

Daar bestaan geen wetenskaplike bewyse daarvoor dat 'n dieselenjin se lewe verleng kan word deur die gereelde byvoeging van tweeslagolie in die tenk nie. (Al hoe meer dieseloertuigeienaars voeg deesdae 'n klein hoeveelheid tweeslagolie by die nuwe laeswaeldiesel aangesien laer swaervlakke die klewerigheid van diesel verminder.) Die nuwer 10 dpm-dieselbrandstof sal egter soos gif wees vir ouer dieselenjins; in sekere gevalle sal 'n bietjie ekstra smering dus nodig wees indien 500 dpm-brandstof skielik van die mark af sou verdwyn. "

Prof Sanette Marx, Skool vir Chemiese en Minerale-ingenieurswese, Potchefstroom-kampus.

"Our diesel: In search of answers", Leisure Wheels, 1 Junie 2014.

NWU-kundiges ken hul storie

Lede van die NWU deel voortdurend hul kundigheid met die gemeenskap waar ook al die geleentheid hom voordoen – tydens toesprake of onderhoude met die media. In hierdie voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.

Deregulering sal nie noodwendig laer pryse tot gevolg hê nie. Die regulasie beheer die prys om seker te maak dat monopolistiese kragte nie die prys beheer of manipuleer ten koste van die verskillende verbruikers nie. "

Dr André Mellet, Skool vir Ekonomiese Wetenskappe, Vaaldriehoek-kampus.

"Petrolprys: Deregulasie sal jou niks in die sak bring nie", Rapport Sake24, 6 Julie 2014.



Verstandelik gesproke is daar nie 'n verskil tussen persone met fisieke gestremdhede en mense wat nie gestremdhede het nie, maar wanneer persone met gestremdhede in 'n omgewing probeer funksioneer wat nie hulle fisieke behoeftes ondersteun nie, frustreer dit hulle. Danksy skenkings en ondersteuning van die NWU kon ons sentrum ons personeel en studente met gestremdhede bemaagtig deur moderne toerusting aan hulle beskikbaar te stel. "

Sr Myra Mothibi, Gesondheidsorgsentrum, Mafikengkampus.

"Student glo in geen beperkings", Beeld, 30 Junie 2014.



Alhoewel studente vaardighede in data-analise en -interpretering aanleer op groot-skaalse eksperimente soos die internasionale Vierkantekilometeropstelling-radioteleskoopprojek (SKA), moet ons nie die kleiner astronomiese en astrofisiese eksperimente soos ons netwerk van neutronmonitors in Hermanus, Potchefstroom en by die SA SANAE Antarktiese basis vergeet of afskeep nie. Die kleinskaal-eksperimente stel studente ook bloot aan hardeware, dataverkryging en -verspreiding, sowel as die selfdisipline wat nodig is om dit suksesvol te doen. Dit is baie belangrike professionele vaardighede. //

Prof Harm Moraal, Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe, Potchefstroomkampus.

"SA mustn't neglect smaller astrophysics experiments", Engineering News, 8 Julie 2014.



ONS mense

As die vere eers in jou bloed is...

In ons gereelde reeks artikels in Eish! fokus ons op die mense wat by die NWU werk en die dinge wat vir hulle in hul persoonlike lewe belangrik is. In hierdie aflewering besoek ons 'n persoonlik wat al talle pryse ingepalm het met sy skouhoenders.

Mnr Jochemus Taljaard, beheerbeampte by Beskermingsdienste op die Potchefstroomkampus, is passievol oor hoenders. Nie net enige hoenders nie, skouhoenders, 'n spesiale spesie met meer as 20 gestandaardiseerde rasse.

Sy skouhoenders voldoen aan sulke hoë standaarde dat hulle reeds vir hom verskeie eerste plekke by toonaangewende hoenderrasskoue, soos dié van die Suid-Afrikaanse Organisasie vir Skoupluimvee (SASPO), verower het.

Jochemus het in 2002 met skouhoenders begin boer. "My oorlede pa, Louis, het duiwe en hoenders gehad en ek het hulle versorg wanneer hy weg was. Die hoendergogga het my gebyt en ek het aanvanklik met 'n haan, Philip, en twee hennie begin boer."

Sedert daardie beginnende met net die drie hoenders op die erf het die bevolking nou tot meer as 100 gegroei.

"Om suksesvol met skouhoenders te boer is eintlik 'n noukeurige wetenskap. Jy moet fyn beplan hoe om met hulle te teel deur die regte haan by die regte hennie te plaas sodat die kuisens van hoë standaard sal wees en kampioene in hul eie reg sal word."

ELKEEN IS UNIEK

Die standaard waaraan hulle moet voldoen verskil van ras tot ras, maar daar word oor die algemeen na die kop, oë, nek, vlerke, pote, liggaamsvorm, vere, gewig en toestand van die hoender gekyk wanneer beoordelaars die punte bepaal wat 'n skouhoender 'n kampioen maak.

Die rasse het elkeen hul eie indrukwekkende kenmerke wat hulle in grootte, kleure en temperament van mekaar onderskei. Jochemus se gunsteling is die Aseel-, Tuzo- en Ko-Shamo-rasse wat almal oorspronklik van Asië af kom.

"Elke hoenderras het 'n eie unieke karakter en ek het in 'n stadium met 11 rasse geskou," vertel Jochemus.

'n Hond mag dalk die mens se beste vriend wees, maar mnr Jochemus Taljaard glo skouhoenders is die lojalste vriende waarvoor mens kan hoop. Hy sê skouhoenders is reeds die afgelope 12 jaar deel van sy lewe – 'n stokperdjie wat sover baie langer hou as sy vorige belangstellings.

Hy sê dit is maklik om geheg te raak aan die hoenders. Hy kan jou presies vertel watter hoender watter broeipaar se nageslag is omdat elkeen spesiaal is en 'n eie persoonlikheid het.

Dit is duidelik dat die hoenders ook geheg is aan Jochemus. As hulle hom sien begin hul reeds rondtrippel van opgewondenheid. Die hoenders vertrou hom en laat hom toe om hulle te hanteer. "Hulle ken my stem al goed en as ek hulle roep reageer hulle dadelik."

GEVEERDES VERG GOEIE VERSORGING

Skouhoenderboerdery vereis noue betrokkenheid. Elke oggend gee Jochemus hulle kos en water en smiddae sit hy die versorging voort. Tydens teelttyd moet hy hulle veral fyn dophou, omdat sommige hennie hul eiers stukkend pik. "Ek ruil die eiers dan met 'winkleiers' om en sit dit eers weer terug in die hok as die hennie broeis raak."

Jochemus sê hy beveel skouhoenderboerdery vir enigiemand aan wat lief is vir die natuur. "Die hoenders is besonder mooi en sterk en meeste van die skouhoenderrasse is oorspronklik as veghoenders geteel. Die soort trotsheid wat hulle uitstraal is 'n voorreg om te sien."

Hy sê skouhoenderboerdery is 'n duur stokperdjie, veral as mens aan skoue deelneem. Reis-, verblyf- en inskrywingsgelde kan 'n groot gat in jou sak los. "Dit is egter 'n baie bevredigende en ontspannende stokperdjie."

Jochemus sê enigiemand wat graag meer oor skouhoenders wil weet is welkom om hom te skakel by 082 718 7062.



As jy weet van 'n kollega wat iets besonder of interessants in sy of haar lewe buite die universiteit doen, stuur gerus die inligting aan Willie du Plessis by willie.duplessis@nwu.ac.za.





AS EK ENIGE ANDER PLEK KON BLY, SOU DIT WEES...

As personeellede van die NWU in enige ander plek as Suid-Afrika kon bly, waar sou hulle wou bly en waarom spesifiek d  r? Hier is sommige van hulle keuses...

Me Andrie du Plessis, senior administratiewe assistent, Interne Oudit, Institusionele Kantoor: "As ek enige plek op aarde kon kies, sou dit Parys in Frankryk wees. Parys is ongelooflik mooi en bied so baie vir die oog, met wonderlike kuns en asemrowende tonele. Vive la France!"

Me Anita Kruger, beroepsgesondheid- en veiligheidsko rdineerder, Institusionele Kantoor: "'n Klein houthuisie in die berge, soos die een in die film *Cold Mountain*, sou my ideale huis wees."

"Ek sou graag hoog bo in die berge wou bly, ver weg van die besige stadsew. Ek wil bly waar die lug vars is en ek wil die mooiste uitsig h  . My idee van hemel op aarde is waar ek omring is deur groot bome en groen gras met 'n waterval en 'n rivier daar naby."

Me Ruth Gaebee, sekretaresse, Fakulteit Regte, Mafikengkampus: "Ek sal in Amerika wil bly. Ek hou van die feit dat hulle misdaadsyfer relatief laag is. Daar is ekonomiese stabiliteit, goeie onderwys, wonderlike werkseleenthede, bekostigbare lewenskoste en goeie gesondheidsorg vir oud en jonk."

"Die VSA is die w  reld se grootste enkele nasionale ekonomie en handhaaf 'n lae werkloosheidsyfer en ho   vlakke van navorsings- en kapitale investering."

Prof Theuns Pelser, direkteur, Nagraadse Skool vir Besigheids- en Regeringsleierskap, Mafikengkampus: "Ek sou graag met my gesin in Switserland wou bly. Dit is 'n besonder stabiele land met 'n sterk ekonomie. Dit is onlangs

deur die W  reld Ekonomiese Forum aangewys as die w  reld se mees mededingende land.

"Te oordeel aan die aantal Nobelpryswenner en die gehalte van akademici, entrepreneurs, kunstenaars en outeurs is Switserland al lankal in die voorste gestoeltes. Switserland se kultuur word nie gedefinieer deur 'n bepaalde etnisiteit, taal of godsdienst nie, maar deur 'n ingesteldheid van gematigheid, hoofstroomdenke en beraadslaging, goeie besigheidsin, 'n nugter benadering en realisme."

Me Karin Martens, dosent, Skool vir Geestes- en Sosiale Wetenskappe vir Onderwys, Potchefstroomkampus: "Ek sou kies om in die berge te bly wat die grens tussen Mosambiek en Zimbabwe vorm."

"Daar is 'n koel briesie wat elke dag waai en die verskil tussen somer en winter verdwyn in die groen van plantasi  bome en die natuurlike woude."

"Malaria hou geen bedreiging in nie, want die muskiete kan nie so hoog vlieg nie. Baie vo  lspesies, waarvan sommige net in die Miombo-streek voorkom, vermaak jou daagliks met hul gesang."

"Koejaws, avokado's en suurlemoene is maar net enkele van die wonderlike vrugte wat daar in die natuur voorkom."

"Groente groei maklik en vinnig, omtrent soos wat mens in die Tuin van Eden sou verwag, en word klaarblyklik nie deur die winter geaffekteer nie. Boonop is die mense warm en vriendelik."

Mnr Zach Moolman, junior lektor, Skool vir Ondernemingsbestuur, Potchefstroomkampus: "My gunstelingland is Skotland. Die land het 'n ryk geskiedenis en kultuur en die mense is baie vriendelik. Dit is 'n land van pragtige natuur-skoon, skoon lug en baie re  n. Ek hou ook van die baie gholfbane waarvan daar te kies en te keur is."

"Die enigste nadeel is dat ek moontlik sal moeg raak van die weerstoestande in die winter."

Mnr Warren Makgowe, direkteur van bemaking en kommunikasie, Vaaldriehoek-kampus: "Ek is lief vir Suid-Afrika en wil n  rens anders bly nie. Daar is net so baie wat Suid-Afrika aan sy inwoners bied en soveel plekke om te verken in 'n land met soveel natuurlike hulpbronne."

Mnr Werner Ravyse, projekteer van die Serious Games Institute – South Africa (SGI-SA), Vaaldriehoek-kampus: "Ek sal daarvan hou om in Chili te bly. Met sy diversiteit in geografie en klimaat wat wissel van die onherbergse Atacamawoestyn tot die pieke van die Andesgebergtes en woude van die Meredistrik, het die land al die bestanddele waarna 'n avontuur-lustige persoon soos ek soek."

"Met 'n jaarlikse ekonomiese groeikoers van tussen 5% en 6% vir die afgelope vier jaar, voel ek dat Chili 'n geleentheid bied vir 'n stabiele en vervullende loopbaan. Met di   dat die Universiteit van Chile as een van die top 500 universiteite in die w  reld geag word, weet ek ook dat my kinders se opvoeding w  reldwyd erken sal word."



ANDRIE



ANITA



RUTH



THEUNS



KARIN



ZACH



WARREN



WERNER

En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



Institusionele kantoor:

Me Christelle Foord,
werknemerverhoudinge-praktisyn,
Mensekapitaal:
Werknemerverhoudinge



Mafikengkampus:

Me Tlotlo Monakwane,
administratiewe beampte,
Toelatingskantoor



Potchefstroomkampus:

Me Seugnet du Plessis,
rekeningkundige kontroleur,
Inwoning en Voedseldienste



Vaaldriehoekkampus:

Me Magdalene Serobane,
navorsingsondersteuningsassistent,
Skool vir Basiese Wetenskappe

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het! As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem:

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!



1.

Identifiseer die nabyskote deur te sê wat dit is en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.

2.

3.

4.

5.

6. Noem een van die kampuswebkoördineerders.
7. Hoe oud is die Potchefstroom Besigheidskool hierdie jaar?
8. Wat is die beste advies wat mnr Frans du Preez, nuwe registrateur van die Potchefstroomkampus, ooit ontvang het?
9. Wat is Leadercast?
10. Noem een van die partye wat 'n memorandum van verstandhouding met die Sentrum vir Inheemse Kennis geteken het.

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260.

E-pos: marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat ontvang word, sal 'n prys losslaan!

Boek fokus op die Fakulteit Natuurwetenskappe

Die Fakulteit Natuurwetenskappe op die Potchefstroomkampus vra alle oudpersoneel en alumni vir bydraes vir 'n boek oor die geskiedenis van dié fakulteit.

Volgens prof Jan Geertsema, projektebestuurder, sal die boek ongeveer 300 bladsye beslaan. Hulle beoog ook 'n moontlike e-boek.

“Die klem is op die akademiese werk, maar ons beoog 'n interessante verteltrant wat die boek pure leesplezier sal maak. Daar is dus heelwat ruimte vir herinneringe, staaltjies en interessante foto's.”

Jan sê die boek is 'n gulde geleentheid vir almal wat bydraes wil lewer om so die ryke geskiedenis van Natuurwetenskappe in boekvorm te verwig.

Die boek sal in Afrikaans verskyn. Dit word saamgestel onder leiding van 'n redaksiekomitee wat bestaan uit prof Elize van Eeden, redakteur, prof



Tydens 'n ete in April vanjaar, het van die ouddekane van die Fakulteit Natuurwetenskappe die geleentheid gehad om oor dié fakulteit se geskiedenis te gesels. Hulle is prof Kobus Pienaar, prof Daan van Wyk, prof Jan Geertsema, prof Peter van Eldik, prof Carools Reinecke en prof Pieter Stoker.

Piet Prinsloo, adviseur en Jan, projektebestuurder. Bydraes kan so gou as moontlik na me Tumi Letsie, skakelbeampte van die Fakulteit

Natuurwetenskappe, gestuur word na tumi.letsie@nwu.ac.za. Vir enige navrae skakel Tumi by x99 2711.



Die NWU se eie Mount Rushmore: met Vrouedag op 9 Augustus, laat Eish! die kollig val op sommige van die vroue wat 'n voortreflike toekoms vir die NWU in die hoërondewyslandskap uitbeitel. Van links is prof Marlene Verhoef, institusionele registrateur, me Phumzile Mmope, uitvoerende direkteur vir institusionele bevordering, prof Mariette Löwes, viserektor vir onderrig-leer, Potchefstroomkampus, prof Amanda Lourens, viserektor vir navorsing en beplanning, Potchefstroomkampus, prof Mashudu Davhana-Maselesele, rektor, Mafikengkampus, en prof Linda du Plessis, viserektor vir akademie, kwaliteit en beplanning, Vaaldriehoekkampus.

SERIOUS GAMES AS VERSKYNSEL



Die Vaaldriehoekampus se Serious Games Institute – South Africa (SGI-SA) gaan geskiedenis maak wanneer hulle 27-29 Augustus vanjaar die eerste internasionale konferensie oor serious games (ernstige speletjies) aanbied.

Die konferensie – die eerste van sy soort in Afrika – gaan navorsers, akademici, innoveerders, kundiges en Jan Publiek byeenbring om meer te leer van serious games as verskynsel en die rol wat dit in leer en vermaak speel.

Die wêreldbekende speletjie-ontwikkelaar en sagteware-ingenieur, dr Ernest Adams – wat meer as 25 jaar se ervaring in speletjie-ontwerp en 'n PhD in interaktiewe storievertelling het – is die hoofspreker by die konferensie. Hy gaan ook 'n voorkonferensie interaktiewe werkswinkel, getiteld "Ontwerp 'n speletjie met 'n boodskap", aanbied.

Die werkswinkel gaan fokus op speletjie-ontwerpelemente met 'n gepaardgaande boodskap, soos wat gebruik sou word vir opvoedkundige, politiese en bemerkingsdoeleindes. Deelnemers sal riglyne ontvang oor hoe om hul boodskappe op die beste manier, volgens die werking en gebruikerskoppelvlak van hul onderskeie speletjies, oor te dra.

Ernest het voorheen as hoofontwerper by maatskappye soos Electronic Arts en Bullfrog Productions Ltd gewerk, en was deel van groot projekte soos Dungeon Keeper 3, Genesis: The Hand of God, en John Madden Football.

As sagteware-ingenieur het hy aan projekte soos Earl Weaver Baseball II, Third Degree, en RabbitJack's Casino gewerk.

Ernest werk tans as raadgevende professor by Uppsala Universiteit in Swede. Hy gee ook op 'n ad hoc-basis klas by 'n paar ander hoërondewysinstellings, soos die Dublin Instituut van Tegnologie in Ierland, Skövde Universiteit in Swede, Instituto Superior Técnico in Portugal en die Northern College of Leeuwarden in Nederland.